The copyright act of 1978 (as amended) prohibits the reproduction of this copy IN ANY FORMAT, (See Clause 5 Terms & Conditions) without prior permission of the original publisher.

Ornico
KNOW HOW. TO GROW

BEELD **2012/02/22** **Page: 15**

AVE: R 8051.6

Taalles wat die ANC moet leer

Willie Spies

Gister was Internasionale Moedertaaldag.

Dit herdenk onder meer die gebeure 60 jaar gelede toe duisende studente op 21 Februarie 1952 in Pakistan in ’n opstand dood is nadat hulle geëis het dat hul taal, Bengaals, as ’n amptelike taal erken word.

Destyds het Pakistan uit Oos- en Wes-Pakistan bestaan en die staat Bangladesj het nog nie bestaan nie. Urdu was die enigste amptelike taal daar. Eers in 1971, ná ’n bloedige stryd, sou ’n nuwe staat, Bangladesj, tot stand kom met Bengaals as amptelike taal.

Internasionale Moedertaaldag is in 2000 deur die Verenigde Nasies se organisasie vir onderwys, kultuur en wetenskap (Unesco) ingestel as ’n dag waarop taalkundige en kulturele diversiteit gevier word. Vir Unesco is taal die instrument waardeur kulturele erfgoed lewend gehou word. Deur moedertale lewend te hou, word die taalkundige en kulturele tradisies van volke lewend gehou en word begrip vir die verskille tussen verskillende volksgroepe gekweek, aldus Unesco.

Dit bly interessant om daarop te let hoe taalstryde uiteindelik lei tot die vestiging van state.

In Europa is die tale wat die drie laaste eeue oorleef het, die tale wat ook bestendiging kon vind binne ’n nasionale staat. In state waar meer as een taal geld, het ingrypende grondwetlike maatreëls gehelp om die taalregte van die onderskeie taalgroepe in ’n staat te bestendig.

Ongelukkig het Suid-Afrika nie geleer uit die geskiedenis van Europa en Asië nie.

Met die grondwetlike bestel van 1994 is daar bitter min aandag gegee aan taal as bepalende faktor by provinsiale afbakening.

Hoewel 11 amptelike tale in naam in die Grondwet verskans is, het die ANC-bewind taalverskeidenheid eerder verder frustreer en op onsensitiewe wyse byvoorbeeld Xhosasprekende staatsamptenare in Afrikaanse provinsies ontplooi sodat Engels gaandeweg as lingua franca oor Suid-Afrika heen gestalte kon kry.

Ná die suksesvolle hofaansoek van mnr. Cerneels Lourens, ’n prokureur van Brits, waarin hy die staat gedwing het om sy grondwetlike pligte na te kom en wetgewing deur te voer wat meertaligheid in Suid-Afrika reguleer, het die regering uiteindelik gereageer met ’n siniese wetsontwerp wat voorsiening maak vir ’n formule waardeur Afrikaans noodwendig enige amptelike status sal verloor:

■ Elke provinsie sal die geleentheid kry om drie amptelike tale te kies; en

■ Twee van die tale sal uit die kategorie van sogenaamd voorheen benadeelde tale moet kom – wat beteken dat al die provinsies waarskynlik Engels saam met twee Afrika-tale sal kies.

Unesco is in die kol deur aan te voer dat deur moedertale lewend te hou, die taalkundige en kulturele tradisies van volke lewend gehou en begrip vir die verskille tussen verskillende volksgroepe gekweek word.

Waar moedertale doodgedruk word, word die taalkundige en kulturele tradisies van volke ook doodgedruk en die begrip vir verskille tussen volksgroepe uitgewis. Die resultaat is ’n tirannie van die meerderheid met verskriklike gevolge. Want tale laat hulle nie dooddruk nie.

Die ANC-bewind moet hierdie les nog leer.

■ *Spies is van AfriForum, die burgerregte-organisasie van Solidariteit.*

■ *Bydraes oor aktuele sake van tot 600 woorde kan aan briewe@beeld.com gestuur word.*